



Week 5

**Jesus se
onregverdige
behandeling**

PERSOONLIKE STUDIE

Lees Markus 14:53-65, Markus 15:1-15 en Markus 15:16-20

INLEIDENDE OPMERKINGS:

Die Sanhedrin was die hoogste Joodse hof in die land. Dit het bestaan uit die priesters, ouderlinge en leraars van die wet, met die hoëpriester in beheer daarvan. Hier is die finale konfrontasie tussen Jesus en die vyandige Joodse godsdienstige leiers. Hulle het Jesus nou in 'n situasie wat hulle ten volle beheer. Dit is minder 'n verhoor, meer 'n ondersoek na bewyse teen Jesus om Hom dood te maak. Jesus laat toe dat hy rondgeneem word. Die Sanhedrin het nie die geregtelike gesag gehad om die doodstraf op te lê nie, daarom het hulle sy verhoor na Pilatus, die Romeinse goewerneur van die provinsie Judea, verwys.

Net soos die Sanhedrin die Jode verteenwoordig en namens hulle opgetree het, het Pilatus namens die Romeinse ryk opgetree. Die Romeine was bekommerd dat daar 'n opstand kon wees, as gevolg van die verhoogde spanning tydens die Pasga. Pilatus het gedink dat hy hierdie emosies kan beheer deur die Jode 'n keuse te gee

oor wie hy sal vrylaat. Die Jode het Barabbas, 'n gewilde held van 'n plaaslike weerstandsgroep, gekies.

Pilatus het Jesus as onskuldig beskou, maar as gevolg van die Joodse eise het hy Jesus aan die soldate oorgegee om geesel en gekruisig te word.

STUDIEVRAE:

Lees Markus 14:53-65

Lees Markus 14:53-54. Waarheen word Jesus gelei nadat hy in hegtenis geneem is? Watter een van die dissipels het die groep gevolg? Waarmee het hy homself besig gehou terwyl Jesus verhoor was?

.....
.....
.....

Lees Markus 14:55. Waarna het die owerpriesters en die hele Sanhedrin gesoek en hoekom?

.....
.....
.....

Lees Markus 14:56. Getuies het na vore gekom. Wat het hul getuienisse onbruikbaar gemaak?

.....
.....

Lees Markus 14: 57-59. Hier vind ons 'n voorbeeld van die vals getuienisse. Wat was hierdie getuienis en hoekom kon dit nie teen Jesus gebruik word nie?

.....
.....
.....

Die volgende verse gee die rede waarom hierdie getuienis nie deur die groep gebruik kon word nie. Gee 'n opsomming van die redes.

Deuteronomium 17:6	
Deuteronomium 19:15	

Lees Markus 14:61. Waarom het Jesus nie op die aanklagte wat die mense teen Hom gebring het, geantwoord nie? (Verwys na Jesaja 53:7)

.....
.....

Lees Markus 14:62. Wanneer Jesus wel gereageer het, reageer Hy in twee dele. Wat is hierdie antwoorde:

1.
2.

Waarom is hier antwoorde betekenisvol as ons dit vergelyk met die volgende verse:

Eksodus 3:13-14	
Psalm 110:1	

Wat doen die Hoëpriester volgende?

.....
.....

Lees Markus 15:1-15

Lees Markus 15:1. 'n Groep het ontstaan en begin om iets te doen. Uit wie het hierdie groep bestaan en watter stappe het hulle geneem?

- a).....b).....
- c).....d).....
-

Lees Markus 15:2-3. Wat het Pilatus gevra en hoe het Jesus gereageer? Wat het die aanklaers gedoen toe Jesus so gereageer het?

.....

.....

Lees Markus 15:4-5. Wat het Pilatus volgende gevra? Hoe het Jesus op Pilatus gereageer?

.....

.....

Hoe weerspieël Jesus se optrede beide die vervulling van die Skrif en Sy eie lering? (Verwys na Matteus 5:43-48)

.....

.....

Lees Markus 15:6-8. Wat was die gebruik gedurende hierdie tyd van die fees? Wie is in die teks geïdentifiseer en waarvoor is hy gevange geneem?

.....
.....

Lees Markus 15:9-10. Wat het Pilatus vir die skare gevra? Wat was die rede vir Pilatus se vraag?

.....
.....

Lees Markus 15:11-13. Die owerpriesters het die skare opgestook en hulle vra dat Barabbas vrygelaat word. Pilatus vra toe vir hulle wat hy met Jesus moet doen. Wat was hulle reaksie?

.....
.....

Lees Markus 15:14-15. Waarom dink jy het Pilatus die skare se versoek bevraagteken? Wat het hy met Jesus gedoen nadat die skare daarop aangedring het dat Jesus gekruisig word?

.....
.....

.....
.....

Lees Markus 15:16-20

Lees Markus 15:16-20. Nadat Pilatus Jesus oorgegee het, het die soldate Hom na die paleis (die goewerneur se woning) geneem. Hulle het hom op verskeie maniere verneder. (vers 17-20). Wat het hulle aan hom gedoen?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

SLOTOPMERKINGS:

Daar was in werklikheid drie fases van Jesus se verhoor voor die Joodse owerhede en drie fases van Sy verhoor voor die Romeinse owerhede, en hulle moet nie verwar word nie:

Met Sy arrestasie is Jesus eers na Annas geneem (Johannes 18:12-24), toe na 'n onwettige naghof voor Kajafas (Markus 14:53-65), daarna na 'n amptelike dagligverhoor voor die Sanhedrin (Markus 15:1), dan na

Pilatus (Markus 15:2-6), wat Jesus na Herodes gestuur het (Lukas 23:6-12), wat Jesus teruggestuur het na Pilatus (Markus 15:6-15), wat Hom toe gestuur het om gekruisig te word.

Jesus kon 'n wonderlike verdediging opgestel het deur al die verskillende getuies van Sy godheid, krag en karakter as getuies te roep. Die mense wat Hy onderrig het, die mense wat Hy genees het, die dooies wat opgestaan het, die blindes wat sien, selfs die demone het van Sy Godheid getuig. Maar Hy het gekies om stil te bly.

En toe Jesus onder formele eed gevra is om Homself te inkrimineer, het Hy in gesê dat Hy duie uiteindelijke regter sou wees omdat Hy die Seun van God is. Hierdie woorde sou enige wyse regter tot stillstand gebring het, maar dit het nie Sy beskuldigers vertraag nie.

Die geskiedenis leer ons dat Pilatus nie van die Jode gehou het nie, en dat hy geglo het hulle was 'n hardkoppige en opstandige volk. Aangesien hy voortdurend agterdogtig was teenoor die Jode, het hy dadelik vermoed daar was 'n verskuilde agenda aan die werk toe hulle vir hom 'n gevangene gebring het om tereg te stel. Nietemin, voordat Pilatus 'n besluit kon neem, moes hy die normale prosedures vir 'n verhoor volg.

Te midde hiervan het Pilatus geglo dat hy 'n manier gevind het om te doen wat reg is, maar tog nie 'n prys daarvoor hoof te betaal nie. Pilatus het gedink dat Jesus die dood kon vryspring as Hy vrygelaat word volgens die gebruik om tydens elke Pasga 'n gevangene vry te laat.

Dit was 'n vreemde toneel: 'n wrede, meedoënlose Romeinse goewerneur wat probeer om die lewe van 'n wonderwerkende Jood te red te midde van die strawwe pogings van beide die Joodse leiers en die skare om Hom dood te maak.

GROEPBESPREKING

Gebed

Terugblik

Deel met die groeplede hoe God hierdie week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

Markus 14:53-15:20

Besprekingsvrae

Lees Markus 14:53-55. Wat was die doel van die priesters en die hoëpriester in hierdie “verhoor”? Hoekom wou hulle Jesus doodmaak?

Lees Markus 14:56-59. Wat moet 'n regter of jurie probeer doen? Hoekom was dit 'n probleem dat die getuënis nie konsekwent was nie?

Hoe het Jesus op al hierdie beskuldigings gereageer? Waarom het Hy stilgebly? Wat leer ons hier by Jesus?

Lees Markus 14: 61-62. Hoe het Jesus die hoëpriester se sleutelvraag beantwoord? Hoekom het hy hierdie vraag beantwoord in plaas daarvan om stil te bly?

Lees Markus 15:1-6. Hoe het Jesus op Pilatus se ondervraging gereageer? Wat was Pilatus se reaksie? Bespreek.

Lees Markus 15:15. Waarom gee Pilatus Jesus oor om gekruisig te word? Het jy al dinge gedoen om ander te kalmeer, al is dit teen God se wil? Bespreek in die groep.

Lees Markus 15:16-20. Die soldate het Jesus gespot as “die koning van die Jode”. Op watter maniere is hierdie titel korrek en gepas? Op watter maniere is dit verkeerd en onvanpas? Bespreek.

Sluit af met gebed